# Lesing 106 – 6 Julie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 128 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 27/11/2019 (vervolg)

Die Offer van Bloedrivier, die Gelofte sien EK as 'n **Offerande van harte** aan MY sodat die Huis klaar opgerig kan word. Daarom, maak julle klaar en laat Ons die saak uitmaak, spreek JaHWeH! Gaan en vergeef, gaan en maak reg teen julle naaste MY Boerevolk! **Julle is MY Huis van Judah en Benjamin!** EK JAHSHUA is vanuit die Stam van Dawid, die Stam van Judah! Maak MY vreugdevol om deel van hierdie Huis te kan wees as julle Koning, Leier, Vader, Verlosser en Saligmaker!

Maar hulle wat op die Dag met dubbele harte 'n valse offer bring ter wille van die oë van andere, sal nie voorspoedig wees in hulle dade nie en MY Boodskappers skrywe alles op in die Boeke. Hulle wat opgeskrywe staan in die **Boek van die Lewe van die Lam,**

1) dit is hulle wat die **vredemakers** is, want salig is hulle harte!
2) Dit is hulle wat die **LIEFDE raadpleeg** en die **Geregtigheid** van JaHWeH **liefhet**.
3) Dit is hulle wie **gehoorsaam** is aan MY en MY bo alles liefhet.
4) Dit is hulle wat **Waarheid** spreek en in Waarheid handel volgens die Liefdesgees binne hul harte.
5) Dit is hulle wat **doen** soos EK beveel het en dit is hulle wat vir MY sal **opstaan** in die dag van beproewing.
6) Dit is hulle wat **Vrolikheid van Hart** in stand hou, maar wat met **Erns** hulle weë rig volgens MY Stem wat nooit verander nie.
7) Dit is hulle wat hulle harte rig volgens MY **Orde**, maar wat met **Wysheid** handel teenoor hulle naaste.
8) Dit is hulle wat **Barmhartigheid** bewys in die dae van onsekerheid en nood, maar hulle gaan en wandel in MY LIEFDE.
9) Dit is hulle wat **werksaam is met 'n wil** om MY te eer en vanuit hulleself vêrder verby die Wet kan sien en **MY, die Wetgewer, te kan waarneem en leer ken**.
10) Dit is hulle wat **geduld beoefen** en geduldig handel in alles wat hulle doen, sê en dink, want salig is die man van geduld en geseënd is die vrou wat geduldig is op die dag van benoudheid en beproewing.

MY Boerevolk, wandel in LIEFDE en wees lief vir mekaar. Staak die verraad, twis en sê mekaar nie meer sleg met lastertaal nie. Aan die een kant eer en loof julle MY met julle monde, maar aan die ander kant vloek en skinder julle met leuentaal vanuit dieselfde mond? Onthou MY Woorde van 'n fontein wat nie brak water en soet water terselfdertyd kan oplewer nie, want so 'n fontein sal vinnig opdroog en geen waters meer lewer nie, maar net riool sal daaruit vloei!

Daar kom groot verraad, maar julle wat OP MY VERTROU en MY ALLEEN GEHOORSAAM sal in die **Stad van JaHWeH** vertoef en geen vrees of verskrikking sal julle gryp nie! EK, JAHSHUA, VERLOS!

Kom en staan suiwer voor MY, op die Dag van Paardekraal en Bloedrivier! Staan suiwer voor MY met 'n suiwer hart en skoon niere. Wees genees in die Aarde deur MY Bloed gekoop!

Deur al hierdie Woorde wil EK julle lei na MY Woorde waar EK sê dat daar 'n tyd kom dat nie een broer die ander sal leer en sê "Ken JaHWeH jou Elohim." nie. Julle sal dit in julle natuur en wese doen omdat julle MY liefhet en nie sal oortree nie. EK sal direk tot julle harte spreek en EK wil julle leer hoe om MY te hoor en daarna, te gehoorsaam sonder enige twyfel. Daarom dat EK julle in die Laer binne bring, **omdat EK julle daarin wil verseël** net soos EK met Noag gedoen het.

Skrywe tot hier MY kneg."

Goeie more almal!

Gee gehoor aan die geroep en smekinge van die Gees van Waarheid! Ongeag wie hierdie vrou is, die woorde is eg en net soos ek vanoggend ontvang het, gaan hierdie woorde aaneen saam!

Gooi die klippe neer sê Vader nou. Nog 'n verborgenheid van die Gilgal Klipwiel: waarom is dit juis klippe wat ons moes pak? Ja klip harte vir harte van vlees, maar **ook klippe waarmee ons ons naaste gooi het ons opgeoffer op die Laer van Gilgal.**

Daarom is 'n Gelofte, ERNSTIG!

Rig julle ore op die laaste Woorde gerig aan die volk! Die vernietiging onder ons eie mense lei na die dood! Die volk hardloop rond na leiers en organisasies, hulle loop agter presidente, ander lande en politiek aan vir verlossing, maar dit is n gejaag na wind en lei na niks... NET JAHSHUA is ons Ewige Leier! Maar die Leeu van Judah is Toornig, dit terwyl tannie Erna HOM gesien het 'n paar maande gelede in die vorm van 'n Leeugesig, waar trane vanuit SY Smekende Oë gerol het!!!

Tyd vir haat, vrees en liefdeloosheid onder ons is verby! As ons dit nie stop nie, dan sal HY dit self doen, maar daardeur sal ons harte swyg van smarte omdat die MANNE nie gehoor gegee het nie! Ons het ELKEEN! mekaar nodig!

Ek plaas die woord wat ek gister oggend ontvang het (hierbo), voordat ek op hierdie stemboodskap afgekom het.